



## NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL GEHOU IN DIE KOMITEEKAMER, KORPORATIEWE DIENSTE OP WOENSDAG, 4 MEI 2016 OM 14:00

---

### TEENWOORDIG

#### Interne lede:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz (voorsitter)  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

#### Eksterne lede:

Mnr C Rabie  
Me L Waring

#### Ander amptenare:

Bestuurder: Sekretariaat- en Rekordsdienste, me N Brand (sekretariaat)  
Snr Bestuurder: Bou-omgewing, mnr A M Zaayman (adviseur)  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp (waarnemer)  
Streek- en Stadsbeplanner, mnr H Olivier

### 1. OPENING

Die voorsitter open die vergadering.

### 2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

### 3. VERKLARING VAN BELANGE

**BESLUIT** dat kennis geneem word dat daar geen botsing van belange verklaar is nie.

### 4. NOTULE

#### 4.1 NOTULE VAN 'N MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAALVERGADERING GEHOU OP 9 MAART 2016

##### **BESLUIT**

(op voorstel van me L Waring, gesekondeer deur mnr P A C Humphreys)

Dat die notule van 'n Munisipale Beplanningstribunaalvergadering gehou op 9 Maart 2016 goedgekeur en deur die voorsitter onderteken word, onderhewig aan die volgende wysigings –

Item 5.1: Opheffing van beperkende titelvoorwaardes op erf 497, Riebeek-Wes (15/3/5-12) (Wyk 3)

[vervang woord]

paragraaf 3 – Mnr Rabie noem – ter inligting – dat menslike aktiwiteite soos bv. geraas by 'n gastehuis nie by die oorweging van 'n opheffingsaansoek (i.p.v. hersoneringsaansoek) 'n invloed moet hê nie ...

Item 5.2: Hersonerig, afwyking en opheffing van beperkings op erf 686, Yzerfontein (15/3/3-14, 15/3/4-14, 15/3/5-14) (Wyk 5)  
[toevoeging aan die einde van die sin]

paragraaf 3 – Mnr Rabie noem dat die Soneringskemaregulasies tans bepaal ..., maar dat oorweging daaraan verleen moet word om dit as 'n vergunningsgebruik te hanteer wanneer die skemaregulasies gewysig word.

## 5. SAKE VIR OORWEGING

### 5.1 VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 1223, MOORREESBURG (15/3/10-9) (WYK 1)

'n Aansoek is ontvang vir 'n vergunningsgebruik op 'n gedeelte (groot ±150m<sup>2</sup>) van die bestaande sakeperseel op erf 1223, Moorreesburg vir die bedryf van 'n drankwinkel.

Die voorsitter gee geleentheid aan die outeur van die verslag, mnr H Olivier, om kortliks die inhoud van die verslag met die komitee deur te gaan.

Mnr Olivier noem dat die eienaar beoog om die bestaande gebou op erf 1223, Moorreesburg in 'n franchise supermark te omskep. Daar moet egter apart aansoek gedoen word vir 'n vergunningsgebruik om die drankwinkel op 'n gedeelte van die perseel te bedryf, aangesien sakesone 1 ingevolge die skemaregulasies nie 'n drankwinkel akkommodeer nie.

Mnr C Rabie versoek dat weens die negatiewe verband wat gekoppel word aan 'n bottelstoor / "bottle store" soos daarna verwys word in die skemaregulasies, die benoeming gewysig word na drankafsetpunt / "liquor outlet".

Op navraag van me L Waring, word bevestig dat die drankwinkel se bedryfsure vasgestel sal word met die goedkeuring van die dranklisensie.

### BESLUIT

A Dat die aansoek vir 'n vergunningsgebruik op 'n gedeelte van erf 1223 (±121m<sup>2</sup>), Moorreesburg ingevolge Artikel 60 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening rakende Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015) goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

#### A1 Stadsbeplanning/Boubeheer

- (a) Bouplanne vir die omskepping van die sakeperseel om die drankwinkel te akkommodeer aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;
- (b) Aansoek vir die oprigting van advertensietekens by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging en goedkeuring gedoen word;
- (c) Die aansoeker/beswaarmakers van hul reg tot appèl ingevolge Hoofstuk VII, Artikel 79 van die Swartland Munisipaliteit se verordening rakende Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015) in kennis gestel word;

#### A2 Water

- (a) Daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele wateraansluitings voorsien sal word nie;

#### A3 Riool

- (a) Daar van die bestaande riolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele riolaansluitings voorsien sal word nie;

#### A4 Strate en Stormwater

- (a) Voorsiening vir 'n laaisone gemaak word en dat die plasing hiervan deur die Departement: Siviele Ingenieursdienste goedgekeur word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op bouplanstadium;

5.1/...

A5 **Vullisverwydering**

- (a) 'n Wasbare vullisarea op-perseel voorsien word met skoon lopende water wat afloop na die rioolstelsel. Die area moet ontoeganklik wees vir ongewenste elemente, mens en dier, maar toeganklik vir die vullisverwyderingspersoneel en 'n 30 ton vullisvragmotor. 'n Basiese vullisverwyderingstarief sal gehef word vir elke besigheid, wat aangepas sal word volgens die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

A6 **Departement van Vervoer en Openbare Werke**

- (a) Ingevolge die Paaie Ordonnansie 19 van 1976 mag geen nuwe toegange gebou word of bestaande toegang uitlegte of toegang gebruike verander word sonder die goedkeuring van die Departement van Vervoer en Openbare Werke nie;
- (b) Voldoende parkering voorsien word ingevolge die relevante Swartland Munisipaliteit verordening;
- (c) Daar kennis geneem moet word dat met die toekomstige opgradering van Hoofpad 230, die bestaande reghoekige parkeerplekke voor erf 1223 verlore sal gaan en vervang sal word met parallelle parkeerplekke. 'n Aantal parkeerplekke sal gevolglik verlore gaan;
- (d) Die Departement van Vervoer en Openbare Werke het geen beswaar teen die voorgestelde aansoek vir 'n vergunningsgebruik op erf 1223, Moorreesburg nie, onderhewig daaraan dat Swartland Munisipaliteit en die ontwikkelaar aanvaar dat met die opgradering van Hoofpad 230, die aantal parkeerplekke langs die gebou verlore sal gaan.

B Dat die aansoek vir die volgende redes ondersteun word:

- (a) Die aansoek is in ooreenstemming met die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van Swartland Munisipaliteit;
- (b) Die plasing van die drankwinkel in die sakekern van Moorreesburg word as 'n positiewe plasingfaktor beskou, en sal nie 'n negatiewe impak op die karakter van die omliggende gebied of die dorp as 'n geheel hê nie, in teenstelling met die plasing van 'n drankwinkel in 'n woongebied.

**(GET) J J SCHOLTZ  
VOORSITTER**